DIE GRONDEIENAAR en Brandbeskermingsverenigings

As 'n grondeienaar moet jy volgens die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande (NWVB) van 1998 sorg vir die voorkoming en bestuur van alle brande wat op jou eiendom voorkom. Deur 'n brandbeskermings-vereniging (BBV) saam met omliggende grondeienaars te stig, kan jy makliker hierdie regulasies nakom.

Wat is 'n BBV?

BRANDBESKERMINGSVERENIGINGS (BBV's) is vrywillige verenigings waardeur grondeienaars saamwerk om gesamentlik veldbrande te voorkom, te voorspel, te bestuur en te blus. Dit word voorgeskryf volgens die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande (1998). Sulke samewerking tussen belangrike rolspelers kan help om veldbrande wat elke jaar ernstige skade aanrig aan eiendom, lewensonderhoud en die omgewing, sover moontlik te help bestuur en te probeer voorkom.

By registrasie stel elke BBV 'n brand-beskermingsbeampte (BBB) aan, wat:

1. optree as die hoof uitvoerende beampte van die BBV;
2. in beheer is van enige brandbestryding binne die BBV-gebied indien lewe of eiendom bedreig word;
3. die eiendom van BBV-lede inspekteer om seker te maak hulle kom die bepalings van die NWVB na; en
4. sorg vir opleiding.

Waarom saam 'n BBV vorm?

- **Deur jou hulpbronne saam te snoer met ander grondeienaars kan brande meer doeltreffend bestuur word; en**
- **Dit gee grondeienaars self die kans om te besluit oor hoe om brande te bestuur en eie doel-witte te bepaal.**

ANDER VOORDELE:

- Geen aanspreeklikheid vir nalatigheid in 'n siviele geding oor brandskade nie
- Kostebesparend, want dienste word nie gedupliseer nie
- BBB's is by magte om bepalings van die Wet en reëls van die BBV af te dwing
- Hulp en raad aan lede deur owerhede
- Beter kommunikasie tussen lede
- Moontlike bystand t.o.v. sekere voorkomingsmaatreëls soos brandbane

Vorming van 'n BBV

Registrasie

BBV's wat by die Departement Waterwese en Bosbou geregi-streer is kan in aanmerking kom vir bystand, en het verskeie bevoegdhede en pligte ingevolge die Wet.

Die Minister sal 'n BBV registreer en 'n sertifikaat uitreik indien dit:

- sy pligte kan uitvoer
- verteenwoordigend is van eienaars in die gebied

In die regulasies van die NWVB word prosedure vir die vorming en registrasie van BBV's uiteengesit, insluitend die aanstelling en regi-strasie van 'n BBB. **Vorms en afskrifte van die regulasies is te kry by enige kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou.**

Wat is die pligte en werke van 'n BBV?

Die BBV, nà registrasie, moet:

- 'n Strategie vir veldbrandbestuur ontwikkel en toepas wat gemik is om die risiko van veldbrande te verminder, in samewerking met aangrensende BBV's; en
- reëls instel oor die voorkoming en bestuur van brande wat bindend is op sy lede. Die BBB kan hierdie reëls afdwing.

ALGEMENE INLIGTING:

- **CapeNature se bestuurder:brandbestuur, Zane Erasmus - (021) 558-4168 of 082 414 6344**
- **Departement van Waterwese en Bosbou - (021) 950-7100**

CapeNature

Wil jy meer weet oor BBV's in jou gebied? Kontak jou naaste CapeNature kantoor:

Boland Berge	(021) 851-1996 (Somerset-Wes)
Kaapse Metropool	(021) 957-5900 (Bellville)
Breërivier	(028) 316-3338 (Onrus)
Weskus	(022) 931-2900 (Porterville)
Gouritz	(044) 874-2160 (George)